

BRAUNVIEH SA 2009



CHRISTOPHER BRAUNVIEH

Christopher Havenga • 082 821 1527 • www.cdhcattle.co.za • christopher@cdhcattle.co.za



Steve (interbreed performance test braunvieh bul 2007)*



Barcardi (interbreed performance test braunvieh bul 2008)*



Markus 8*

* semen available

We breed early maturing "right type - right size" Braunvieh with good conformation, muscling, balance and "eye appeal", ALWAYS mindful of functional efficiency, genetics and EBV's.

Inhoud • Content

- 2 Braunvieh SA Raad 2008 - 2009
- 3 Tannie Minnie Janse van Rensburg
- 4 Voorwoord
- 6 Hoe werk die administrasie by die SA Braunvieh beestelersgenootskap
- 12 Verhoog produksie met genetika
- 14 The Braunvieh and performance testing
- 16 Teeltdoelwitte vir vleisbeestelers
- 20 Reproduksie se invloed op Seleksie en Wins
- 22 Kruis- of Suiwer Teling – Wat is die Beste?
- 24 Die Braunvieh kruis uitstekend met enige ras
- 26 Die Keuse van 'n Voerkalf vir 'n Slagos Kompetisie
- 28 SNPs & Genomic EBVs – The Future of Genetic Evaluations
- 30 Die Rooivleisbedryf in Suid-Afrika
- 32 The ABC of BLUP Breeding Values in Beef Cattle
- 34 Farmer's Weekly-ARC Best Elite Braunvieh Cow
- 38 Braunvieh SA Lede/Members
- 42 www.braunvieh.co.za

Redakteur: Cois Harman

Ontwerp/Design: Christina Harman

Drukker/Printer: Quarto Press, Johannesburg

Voorblad foto: Christopher Havenga (beeste van Ben Spies)

Kopiereg voorbehou op alle materiaal, insluitend die reg tot enige vorm van reproduksie, ingevolge die Suid-Afrikaanse kopiereg wet. Opinies is nie noodwendig die siening van die Braunvieh Genootskap raad. Die Braunvieh genootskap aanvaar geen verantwoordelikheid vir bewerings wat in advertensies of artikels gemaak is nie.



Braunvieh SA

Posbus/PO Box 7864

Bloemfontein, 9300

Kantoor/Office: 051 4100 950

Web: www.braunvieh.co.za

The copyright, including the right of reproduction in any form, of all material in the Braunvieh Journal, is expressly reserved in terms of the South African Copyright act. The opinions expressed in this issue are not necessarily the views of the council of the Braunvieh Society. The Braunvieh Society accepts no responsibility for claims made in advertisements/articles.



Braunvieh SA Raad

2008 - 2009



Agter (vlnr): Mnre Bennie Coetzer, Christopher Havenga, Kobus Bezuidenhout en Pieter de Villiers (Vise-President).

Voor (vlnr): Mev Marietjie Bezuidenhout, Mnre Piet de Villiers (Ere-Lewenslange Vise-President), Cois Harman (President), John Havenga en Mev Minnie Janse van Rensburg.

Tannie Minnie Janse van Rensburg

Wilhelmina Jacoba Janse van Rensburg is op 7 Julie 1936 op Tulbagh gebore waar sy ook Matrikuleer het. Na skool verhuis haar ouers na die Vrystaat en begin sy haar loopbaan as 'n bankklerk van Standard Bank op Theunissen. Sy trou met Jacobus Hendrikus Janse van Rensburg en uit die huwelik is 'n seun en twee dogters gebore. In Februarie 1958 begin haar loopbaan in die stoetbedryf toe sy by die Afrikaner beestelersgenootskap begin werk tot haar aftrede einde April 1997.

Die Braunvieh moes op daardie stadium kop optel en hulle het 'n kundige persoon gesoek wat kan help met die administrasie. So reël die raad dan ook om die dienste van Tannie Minnie wat aftree onmiddelik te laat intree in 'n nuwe genootskap. Op 1 Februarie 1997 begin sy dan ook om by die Braunvieh te werk in die middag tot einde April waarna sy van begin Mei weer in die oggend die kantoor beman om die Braunvieh se administrasie op goeie koers te bring en dit het sy dan ook so gehou vir die totale tydperk totdat sy 15 Januarie 2009 die kantoorwerk van die Braunvieh finaal oorgegee het aan die nuwe kantoordame.

Tannie Minnie is 'n liefwe mens wat elke Braunviehteler en al sy beeste goed geken het sonder dat sy ooit op die Braunvieh lede se plase gekom het. As jy 'n bees se naam noem sal sy presies kan sê wie se bees dit is en watter koei se kalf dit ook is. Sy het in Bloemfontein in die Stamboekkantoor gesit en baie goed geweet wat in elke kudde aangaan. Sy het nooit gekla nie en het haar werk altyd nougeset gedoen en haar uiterste bes gedoen vir elke lid om te sorg dat alles reg is. Sy moes slegs Maandae, Woensdae en Vrydae van 09:00 tot 12:00 op kantoor wees, maar dit was nie die uitsondering as sy jou in die middag van die kantoor sou skakel om die lede se navrae en belange te bevorder nie. Nooit was die taak vir haar te swaar nie en die aangeleenthede van die lede van die genootskap het sy voorop gestel en eerder haarself te na gekom.

Sy het nie vir 'n salaris gewerk nie, nee haar betaling was nie 'n salaris nie. Sy het 'n diens gelewer en dit het sy uitnemend

gedoen vir 'n genootskap wat deur moeilike jare gegaan het aangesien daar van vooraf 'n fonds opgebou moes word om die sake van die genootskap te bestuur. Baie dankie vir alles wat Tannie vir ons gedoen het. Tannie se rol en bydra in die Braunvieh genootskap sal ons nooit vergeet nie.

Tannie Minnie het nie afgetree nie, sy was alreeds 70 jaar, en moes verhuis na Pretoria om naby haar dogter en skoonseun te wees en hulle te help waar sy kan en darem 'n liefwe ouma vir haar kleinkinders te wees.

Baie dankie Tannie vir al jou liefde en onbaatsugtige offers wat jy elke dag vir ons almal by die Braunvieh genootskap gebring het.

Ons wens Tannie 'n voorspoedige en gelukkige lewensfase toe in Pretoria en mag u goeie gesondheid geniet sodat u elke dag die vrede en vreugde sal ervaar wat u verdien. ■

Die Braunvieh SA raad en lede van die genootskap

Tannie Minnie Janse van Rensburg en Cois Harman, president van die genootskap.



Voorwoord



Braunvieh is 'n Duitse woord wat beteken Bruin bees. Daar was ten minste twaalf tipes Bruin beeste wat gedurende die 1600's in die berge van Switserland gevind is. Daardie beeste het 'n groot variasie vertoon ten opsigte van tipe en grootte afhangende van waar hulle aangehou is. Die beeste vorm die basis van die moderne Braunvieh. Gefokusde seleksie is begin in die Kanton/provinsie Schwyz. Met die begin van die negentiende eeu het telers begin om hierdie diere uit te voer na aangrensende streke. Gedurende 1897 is 'n telersvereniging in Switserland gestig naamlik: "*Schweizerischer Braunviehzuchtverband*". Die Braunvieh is wêreldwyd uitgevoer na Wes Europa, die Oosblok lande, Rusland en na Suid-Afrika in 1907, hoofsaaklik met die doel om die gehalte van die plaaslike beesrasse te verbeter.

Die Braunvieh is waarskynlik die oudste suiwer beesras met rekords wat terug dateer tot sover as 800 voor Christus. Die Braunvieh het sedert die 1900's 'n geweldige impak op inheemse rasse wêreldwyd gemaak. Die besonderse eienskappe van die "Originale Braunvieh" waarmee die lede van die Braunvieh SA telers in Suid-Afrika boer, het hulle onderskei dat hulle met enige beesras waarmee hulle gekruis word, 'n merkbare verbetering tot gevolg het van veral die vinnige groei, goeie bespierung en bouvorm wat die nageslag vertoon.

Prestasie toetsing is ook niks nuuts nie. Daar is al vir meer as 850 jaar prestasie toetsing in hierdie ras gedoen en dokumentasie bestaan sedert 1150 n.C. by die Muri Monnikelooster waar rekords gehou is van Braunvieh beeste se prestasie. Daardie rekords is goed gedokumenteer en besonder nougeset uitgevoer volgens 'n duidelike sisteem van prestasie van die ras deur toegewyde Monnike.

Die Switsers wou vleis ekonomies produseer en om die doel te bereik het hulle 'n bees gesoek wat dit op die liggaam vertoon. Hulle het gesoek na 'n vinnig groeiende, vroeg ryp, goed gebalanseerde dier met diepte en 'n lang lyf met goed ontwikkelde bespierung, goeie marmering en nie uitermatige vet nie. Dit is juis by die Braunvieh waar hierdie tipe eienskappe en gewig in harmonie was. Sedert die begin is daar gestreef na die ideale bees en so 'n bees het 100 punte gekry, maar wanneer 'n bees egter minder as 80 bepunt is, is so 'n bees nie in die teelprogram verder gebruik nie en moes sulke diere geslag word.

Die uitstaande eienskappe van die Braunvieh soos vinnige groei soos bewys in prestasie toetsing en in die voerkrale, goeie bespierung, swart pigment wat juis aanpasbaarheid verhoog, die sterk donker hoeve, goeie balans, diepte, langlewendheid, goeie omsetverhouding van gras in vleis lewer en die feit dat die Braunvieh baie vleis dra en bewys het dat dit so hoog as 56% van die veld kan uitslag, maak die ras baie gewild in enige winsgewende teelprogram. Die moeders het genoeg melk om 'n kalf goed groot te maak en die rustige temperament

van die Braunvieh wat oor eeue in Switserland geselekteer is omdat daar op klein plasies met die beeste winsgewend geboer moes word en die beeste gedurende die lang sneeubedekte winters letterlik onder die huise in die stalle aangehou en versorg is, maak die ras 'n rustige beesras om mee te boer. As gevolg van die Braunvieh se besondere prestasies en aanpasbaarheid word die Braunvieh in meer as 60 lande wêreldwyd aangetref van die Noordpool sirkel tot die trope by hoogtes wat wissel van 0 tot ongeveer 3 800 meter bo seespieël. Daar is tans meer as 7 000 000 geregistreerde Braunvieh in 42 lande op rekord in kuddeboeke.

Die pad vorentoe vir die Braunvieh SA stoetteler, is reeds gelê deur die voorgangers wat hierdie beesras oor die eeue suiwer gehou het en Braunvieh geselekteer het op grond van prestasie en die goeie bouvorm en al die besondere eienskappe wat die beesras so uniek maak. Om op hierdie pad volhoubaar te vorder sal elke ernstige stoetteler **gereeld moet meet en weeg** en baie goed moet **rekord hou en streng moet selekteer** en nie sentimenteel raak oor 'n koei wat nie presteer nie. Slegs top geselekteerde, getoetsde bulle met bogemiddelde syfers wat die toets geslaag het en die "branding" van die Braunvieh dra, moet as teelbulle elke beesboer bereik wat ernstig is om ekonomies volhoubaar met beeste wil boer. ■

Sukses met u boerdery!!!

Cois Harman
President

Historiese feite wat in hierdie voorwoord gebruik is, is verkry van die volgende webadresse: <http://www.original-braunvieh.com>
<http://www.braunvieh.com>
<http://www.ansi.okstate.edu/breeds/cattle/braunvieh/index.htm>

HARMAN BRAUNVIEH STUD | STOETERY



VISIE

Dit is ons visie om met beeste te boer wat maklik kalf, vinnig groei, algemeen goed aangepas & gehard is, met 'n rustige temperament & 'n bogemiddelde vermoë om melk & vleis te produseer op strawwe hartwater, galsiekte & rooiwater veld.

MISSIE

- 📌 Om diere te selekteer:
 - Wat aan die rasstandaarde voldoen.
 - Wat bogemiddeld presteer t.o.v. voeromset & melkproduksie.
 - Wat 'n besondere vermoë het om in enige omgewing aan te pas.
- 📌 Om deur middel van seleksie & prestasietoetsing:
 - Slegs die beste presteerders te keur vir die bulmark.
 - Die ras te promoveer as die mees geskikte ras vir vleisproduksie in die RSA.
 - Voort te bou op die beste beskikbare teelmateriaal.
- 📌 Om die Braunvieh beesras te bevorder deur:
 - Opleidingskursusse & promosiedae aan te bied.
 - Boere bloot te stel aan die impak van die Braunvieh bul in kruisteelprogramme.
 - Aktiewe bemaking



Hoe werk die administrasie

by die SA Braunvieh beestelersgenootskap

Chris Els



In die stoetbedryf vorm administrasie een van die pilare vir suksesvolle stoetboerdery. Dit is 'n gegewe dat die meeste van ons nie baie administratief georiënteerd is nie en dit verg 'n groot mate van selfdisipline om hierdie vertakking van stoetboerdery behoorlik te doen. Die geheim is om u administrasie gereeld te doen, sodoende skakel u vir uself en vir ander betrokkenes baie probleme uit.

Die Kantoor van die SA Braunvieh Beestelersgenootskap word met ingang van 1 Januarie 2009 by die Sekretariaat gehuisves en die verskuiwing na die Sekretariaat het glad verloop. Hartlik welkom aan al die Braunvieh-telers, ons vertrou dat u 'n aangename verbintenis met die Sekretariaat sal hê.

Die Sekretariaat is 'n administratiewe liggaam wat sy dienste aan telersgenootskappe beskikbaar stel. Die uiteindelijke registrasie van diere word deur SA Stamboek hanteer en alle data-verwerking van registrasies, asook die uitreiking van sertifikate word deur hierdie owerheid bestuur.

Wat is die implikasie van die verskuiwing van die SA Braunvieh Genootskap se kantoor en hoe raak dit die telers?

Die SA Braunvieh Genootskap het vir alle praktiese doeleindes steeds hul eie kantoor! Die feit dat die Kantoor deur die Sekretariaat gehuisves word, behoort geen verskil te maak nie. Dit is vir die Sekretariaat van kritieke belang dat elke Genootskap hul eie identiteit sal behou, selfs al deel hulle 'n Sekretaresses met ander telersgenootskappe.

Braunvieh telers kan seker wees dat hul belange nie ondergeskik sal wees aan dié van enige ander ras nie. Die Sekretariaat is ook daartoe verbind om in oorleg met die Grondwet van die Genootskap op te tree en onderneem om die sake van die Genootskap as vertroulik te hanteer.

1. Direkte handeling

Dit word aanvaar dat Genootskappe wat van die Sekretariaat se dienste gebruik maak van die *Direkte-handelingsopsie* by

Stamboek gebruik sal maak. Die doel hiermee is om die administrasie van telers effektief en doeltreffend te bestuur.

Dit is dus nie nodig om alle dokumentasie via die Kantoor aan Stamboek te besorg nie. 'n Teler het nou die reg om registrasies, oordragte en kansellasies direk aan Stamboek te stuur en kan ook probleme direk met die betrokke dame by Stamboek opneem. Die lyn word dus korter gemaak en moontlike probleme word aangespreek waar dit direk opgelos kan word.

Die Kantoor van die Genootskap bly egter die instansie wat die belange van die telers op die hart dra en indien probleme nie opgelos kan word nie, het telers die reg om hul probleem onder die Genootskap se aandag te bring. Die Kantoor sal dan die betrokke probleem met Stamboek opneem.

2. Bykomende dienste van die sekretariaat aan die genootskap

Die Sekretariaat onderneem om onder meer die volgende dienste aan die Genootskap te lewer:

- Die administrasie verbonde aan Raadsvergaderings en die Algemene Jaarvergadering van die Genootskap. Die opstel en versending van die kennisgewing en agenda, asook die neem en tik van die notule is hierby ingesluit.
- Die behartiging van al die Genootskap se finansiële aangeleenthede.
 - Die Sekretariaat ontvang en bank alle ontvangstes in die Genootskap se eie bankrekening by die bank van hul keuse en betaal al die Genootskap se rekeninge.
 - Met behulp van die rekenaarprogram, Pastel, word 'n volledige stel boeke gehou en 'n stel state, tot en met proefbalans, maandeliks aan die Genootskap se tesoerier of voorsitter van die finansiële komitee voorsien.
- Die hantering van telefoniese navrae, algemene administrasie, korrespondensie en tikwerk.
- Die opstel en druk/vermeerdering van nuusbriewe sal deur die Sekretariaat behartig word.
- Die reël van een Nasionale Kampioenskap elke derde jaar.

- Die Sekretariaat sal die Genootskap bystaan in die reël van die Genootskap se Nasionale Veiling.
- Die Kantoor is die skakel tussen die Raad van die Genootskap en die telers en hou die telers op hoogte van raadsbesluite en die nuutste verwikkelinge.

3. Wat elke stoetteler behoort te weet

3.1 Aansoek om lidmaatskap


Aansoek om Lidmaatskap word gedoen op 'n voorgeskrewe vorm wat op aanvraag van die Genootskap beskikbaar is. Let asseblief daarop dat volledige besonderhede van die diere in u besit in die spasie beskikbaar ingevul moet word en indien diere nie op u naam geregistreer is nie, word van u verwag om die sertifikate wat in u besit is by die aansoek aan te heg. Dit is belangrik dat fooie soos uiteengesit op die aansoekvorm die aansoek moet vergesel.

U lidmaatskap kan op verskillende maniere geregistreer word. U kan aansluit:

- As individuele lid onder u eie naam
- In vennootskap wanneer name en adresse van elke vennoot verstrekkend moet word en elke vennoot ook 'n vennootskap vorm moet voltooi.
- In 'n Handelsnaam bv. Hagesdam Boerdery, maar vir eie rekening. Ook hier moet die eienaar se persoonlike gegevens verstrekkend word.
- As 'n BK, Maatskappy of Trust. Die woorde "BK", "Beperk" of "Eiendoms Beperk" moet na die naam van die BK of Maatskappy verskyn en korrespondensie aan die kantoor behoort op 'n briefhoof te wees, waarop die naam van die Maatskappy of BK, sowel as die name van die direkteure, duidelik uiteengesit is. Die BTW nommer moet ook verstrekkend word. 'n Afskrif van die Maatskappy se registrasiesertifikaat moet ook aan die kantoor gestuur word.
- As 'n Trust, waar die dokumentasie m.b.t. die registrasie van die trust ook voorsien moet word.

Barry Steyn Braunvieh's

Geleë in die pragtige Swartruggens Bosveld



Kontak Barry

Sel: 076 761 2027

Epos: asjas5826@mweb.co.za

Posbus 6687, Rustenburg, 0300

Die beeste loop op gemengde veldwending in 'n strawwe hartwater, rooiwater en galslekte veld.

Visie: Ons visie is om vrugbare, goed aangepasde, geharde, gladde haar diere te teel met 'n rustige temperament.

3.2 Kuddenaam

Ingevolge die Wet op Diereverbetering van 1998, moet elke teler 'n kuddenaam wat ook as 'n stoetnaam of voorvoegsel beskryf kan word, registreer vir die benaming van opreggeteelde vee, welke kuddenaam deur die SA Stamboekvereniging toegeken word en geen duplisering oor alle lede en alle rasse word toegelaat nie. Die kuddenaam mag uit nie meer as 18 karakters bestaan nie.

'n Lys van vyf of ses woorde, in voorkeur volgorde, moet op die vorm ingevul word. Die naam van 'n dorp, stad of poskantoor is nie toelaatbaar nie.

3.3 Registrasie van Kuddekenmerk-letters (KKL)

Daar word vir elke teler kuddekenmerk-letters geregistreer. Hierdie kan dieselfde wees as die geregistreerde brandmerk, maar nie noodwendig nie. Hierdie letters word vir die teler se uitsluitlike gebruik geregistreer om die diere deur hom/haar geteel, te identifiseer.

Die diere deur u geteel word geormerk met u kuddekenmerk-letters gevolg deur die jaartal verkort en die nommer van die kalf. Veronderstel u KKL is "HG" sal u 1ste kalf wat in 2008 in u stoet gebore is HG 08 1 identifiseer, die volgende HG 08 2 ens.

Bul- en verskalwers word in die volgorde van geboorte geïdentifiseer en kry dus nie dieselfde nommers nie. Dieselfde geld vir kalwers uit Hulpstamboek koeie. Hulle word in dieselfde reeksnommers van die SP kalwers gemerk.

3.4 INTERGIS-Registrasienommer

Wanneer deelname deur die Stamboekvereniging goedgekeur is, word 'n Intergis-nommer aan u toegeken. Hierdie deelnemersnommer moet u gebruik op alle dokumente van diere deur u aangekoop, geteel en geregistreer.

3.5 Registrasie van diere

Lede kan op een van die volgende twee wyses hulle diere registreer:

- 3.5.1 U voltooi die registrasievorm in die boek wat u van die Kantoor aangekoop het en u vul al die verlangde data op die vorm in en u pos die vorm aan: Die Sekretaresse, SA Stamboek, Posbus 7864, Bloemfontein, 9300

OF

- 3.5.2 Lede wat 'n program soos die Headmaster-program aangeskaf het, doen hulle registrasies met behulp van die program op die rekenaar tuis en u e-pos die data aan Stamboek by e-pos adres: edata@studbook.co.za

- 3.5.3 **Geboortekennisgewings.** Na goedkeuring van Aansoek om Lidmaatskap en betaling van fooie word die teler voorsien van 'n Geboortekennisgewingboek vanaf Stamboek.

Vul asseblief die geboortekennisgewing volledig in en stuur die kopieë direk aan die Genootskap. Hou 'n kopie in u boek vir u eie rekord doeleindes. Die Genootskap en SA Stamboek aanvaar geen geboortes op los velle papier nie. Indien u by LOGIX wil aansluit kan u registreer by www.studbook.co.za en klik op LOGIX.

Let asseblief daarop dat kennis van geboorte(s) voor die ouderdom van **drie maande** moet geskied. Versuim in die verband veroorsaak die heffing van 'n boete soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

3.6 Sertifikate

Die sertifikate van 'n geregistreerde dier vorm saam met sy geboortekennisgewing die basis van administrasie in 'n stoetery en word uitgereik deur SA Stamboek na aanvaarding van die geboortekennisgewing. Dit is noodsaaklik dat 'n dier se sertifikaat veilig bewaar moet word omdat dit nie net gegewens van die eienaar en teler bevat nie, maar ook van die dier, sy/haar voorgeslag en dien as bewys van:

- Inspeksie
- Aansoek om oordrag en-
- Dekkingsertifikaat

Indien sertifikate verlore raak vereis SA Stamboek 'n skriftelike verklaring, aangesien geen telefoniese kennisgewings aanvaar word nie.

3.7 Oordragte

Wanneer u diere verkoop aan 'n ander teler of nuwe teler moet u steeds die registrasie sertifikaat voltooi en aan die kantoor terugstuur met die versoek dat die dier(e) verkoop is en dat dit

aan 'n bepaalde persoon oorgedra moet word. Voorsien dan die naam, adres en telefoonnommers van sodanige persoon.

Die sertifikate dien ook as **Aansoek om Oordrag** wat verandering van eienaarskap of verandering van eienaarskap na mede-eienaarskap bewerkstellig. Vul asseblief al die verlangde besonderhede op die sertifikaat in en pos direk aan Stamboek.

3.8 Kansellasies

Sou daar diere van u vrek, geslag of verkoop word vir nie-registrasie doeleindes, moet u die registrasiesertifikaat aan Stamboek terugstuur en Stamboek versoek om die dier(e) van u kuddelys te verwyder. Meld in u skrywe wat van die dier(e) geword het.

Kansallasies van diere geskied direk aan Stamboek en die sertifikaat van sodanige dier wat gekanselleer word, moet duidelik gemerk en onderteken word en die kansellasië vergesel.

Kansallasies is van kardinale belang en versuim daartoe om kansallasies op 'n gereelde grondslag deur te stuur dra by tot verkeerde kuddelys (Per Kapitalys). Daar is tye dat die verkeerde dier gekanselleer word deur die teler en word daar aangevra dat die dier heringestel moet word.

3.9 Herinstellings

Wanneer 'n dier per abuis deur die teler gekanselleer is en die teler vra dat 'n herinstelling gedoen moet word van die dier, moet die teler die kantoor kontak sodat 'n skrywe na Stamboek gestuur word om hulle in kennis te stel dat die dier heringestel moet word.

3.10 Keurings

Diere word aangebied vir keuring vanaf 12 maande ouderdom, maar keuring moet geskied voor die ouderdom van 3 jaar. Die betrokke teler wat keuring van sy diere verlang, moet met die kantoor in verbinding tree sodat die keurders wat in sy area woonagtig is vroegtydig (1 maand) van die tyd en datum in kennis gestel kan word. Geen teler mag optree as inspekteur van sy eie diere nie.

3.11 Invoere van diere, semen en embryo's

Die nodige aansoekvorms vir die invoer van diere en semen, tesame met die minimum standaarde is op aanvraag by die

Genootskap beskikbaar. Dit is belangrik om daarop te let dat aansoeke volledig ingevul moet word om goedkeuring so vlot moontlik te laat verloop. Die aansoekvorm moet saam met die dokumentasie ingestuur word.

Maak asseblief seker dat die volgende dokumentasie aan die aansoek aangeheg is:

- a) 'n uitgebreide vyf-generasiestamboom;
- b) die prestasiegegevens; en
- c) DNA sertifikaat

3.12 Uitvoer van diere, semen en embrio's

Aansoekvorms vir die uitvoer van diere, semen en embrios tesame met minimum standaarde is van die Genootskap verkrygbaar.

3.13 Oordrag / Verkoop semen en embrio's

Aansoekvorms vir die oordrag van ingevoerde semen en embrio's is verkrygbaar by die Genootskap op aanvraag.

3.14 Mede-eienaarskap

Aansoek om mede-eienaarskap van 'n geregistreerde manlike dier kan gerig word aan die Raad, vergesel van sodanige dier se sertifikaat volledig ingevul by (*aansoek om oordrag*) punt 2. 'n Maksimum van 5 mede-eienaars mag geregistreer word vir een spesifieke dier.

3.15 Goedkeuring van eisel-skenkers en semen

Aansoekvorms om goedkeuring van eisel-skenkers en semen-skenkers is by die Genootskap op aanvraag beskikbaar.

3.16 Ouerskapkontrole

SA Stamboek vereis ouerskapkontrole na registrasie van elke vyfhonderdste kalf op rekenaar. Vyf kalwers met moers en vaars word genomineer waarna die teler kennis kry en die nodige aksies **moet afgehandel wees binne 6 maande (verplichtend)**. Die Genootskap betaal die kostes en indien dier(e) negatief getoets word betaal die teler. Kontak Mev. Elsa Van den Berg vir meer besonderhede, Tel: 051 4100 920 of Faks: 051 4473964

3.17 Heffingslyste/Per Kapitalys

SA Stamboek voorsien jaarliks middel November die Genootskap van 'n Heffingslys/Per Kapitalys per teler met betrekking

tot die hoeveelheid geregistreerde diere in sy besit. Die Heffingslyste/Per Kapitalyste word tesame met sy aanslag vir die komende jaar deur die Genootskap aan die teler versend.

Die lys word deur die teler nagegaan en gekorrigeer indien nodig, en tesame met sy tjek aan die Genootskap teruggestuur. Versuim om die lys voor 31 Januarie van elke jaar aan die kantoor terug te stuur sal tot gevolg hê dat die teler gedebiteer word met die oorspronklike aantal diere wat op die lys verskyn. Sertifikate van al die diere wat van u lys geskrap word, **moet met 'n sertifikaat vergesel word**.

'n Lys moet voltooi word waarop u die besonderhede van alle diere wat u aangekoop het, en waarvoor u reeds registrasiesertifikate besit, moet invul. Indien u diere aangekoop het en nog nie dokumentasie ontvang het nie, moet die identifikasie van die diere ook voorsien word.

3.18 Genootskapfooie en Stamboekfooie

Die Genootskap se fooie sowel as die van Stamboek word jaarliks aangepas. Die intreefooie is 'n eenmalige fooi, maar die ledegeld en ander toepaslike fooie word jaarliks aangepas.

Die finansiële jaar begin op 1 Januarie van elke jaar. Stamboek voorsien aan die einde van November aan u 'n lys van al die diere volgens hulle rekords, in u besit. U kry geleentheid om voor einde Januarie die lys na te gaan en die nodige regstellings aan te bring. Daarna sal u die rekening vir u jaarlikse deelnemersfooie en heffing op die diere ontvang.

3.19 5-Generasie Stambome en 3-Generasie Stambome

SA Stamboek voorsien aan die Genootskap 'n 5-generasie stamboom en 3-generasie stamboom van 'n dier, met prestasie gegevens en kalf rekords. Die koste kan verkry word vanaf SA Stamboek.

4. Kontakpersone

Die Sekretariaat is 'n vennoot van die Genootskap in die bereiking van genootskapsdoelwitte en wil daarom graag goeie diens aan telers verskaf. Om hiermee te help is daar bepaalde personele van die Sekretariaat (en van SA Stamboek) aan die SA Braunvieh Beestelersgenootskap toegewys om werksaamhede so glad as moontlik te laat verloop.

Hieronder vind u die name van personeel wat u kan nader om u behulpzaam te wees of probleme aan te spreek:

Kantoor van die Braunvieh Beestelersgenootskap



Liezel van Heerden (Sekretaresse)

Direkte telefoonnommer: 051 4100 950

E-pos: liezel@studbook.co.za

- * Verantwoordelik vir die deurlopende administrasie van Genootskaps-aangeleenthede en verleen ondersteuning aan Braunvieh-telers met betrekking tot hul navrae.

Navrae met betrekking tot die volgende word direk aan die Genootskap gerig:

- Aansoek om Lidmaatskap
- Keuring
- Invoer van diere, semen en embrio's
- Uitvoer van diere, semen en embrio's
- Algemene navrae

Sekretariaat se finansiële afdeling

Yvonne Binding (Rekenmeester)

Direkte telefoonnommer: 051 4100 960

E-pos: yvonneb@studbook.co.za

- * Verantwoordelik vir die teboekstelling van betalings aan krediteure van die Genootskap.

Lindie Bisschoff (Debiteure Kontroleur)

Direkte telefoonnommer: 051 4100 962

E-pos: lindi@studbook.co.za

- * Verantwoordelik vir die postering teen rekeninge van die telers en die invordering van uitstaande gelde.

Sekretariaat: bestuur

Chris Els (Bestuurder: Sekretariaat)

Direkte telefoonnommer: 051 4100 963

E-pos: chris@studbook.co.za

- * Oorhoofs in beheer van al die sekretariële aktiwiteite en Sekretaresses by die Sekretariaat.

Skakelbord: SA Stamboek

Nelita Behr (Skakelbordoperatrise) 051 4100 920

- * Beantwoording van inkomende oproepe van die Sekretariaat sowel as Stamboek as die direkte nommer van 'n personeellid beset is, of nie beantwoord word nie

Registrasiekantoor: SA Stamboek

Hanley Fourie (Registrasieklerk)

Kontak Skakelbord by 051 4100 900, vra vir uitbreiding 154

E-pos: hanley@studbook.co.za

- * Verantwoordelik vir die inlees/postering van data van telers op die INTERGIS-stelse – dit wil sê die regsitasies, oordragte en kansellasies wat vanaf telers ontvang word

Telefoniese navrae met betrekking tot die ondergenoemde kan direk aan SA Stamboek gerig word.

- Geboortekennissgewings
- Sertifikate
- Oordragte
- Kansellasies

Registrasie afdeling: SA Stamboek

Herman Labuschagne (Bestuurder: Registrasies)

Kontak Skakelbord by 051 4100 988, vra vir uitbreiding 121

E-pos: herman@studbook.co.za

- * Oorhoofs in beheer van al die werksaamhede en personeel by die Registrasie Afdeling



Ons vertrou dat hierdie inligtingstuk vir u van hulp kan wees. Kontak gerus die toepaslike personeellid wanneer u ondersteuning verlang. ■



WITBEK BRAUNVIEH

STOET


**In die
hartjie
van die
Hoëveld
maak ons
kwaliteit
'n realiteit.**



**Skakel gerus vir Hanri,
Daleen of Molly Bester
by 083 469 1258
Posbus 269 VREDE, 9835
hanri@mail4all.co.za**

Ratshikana Braunvieh Stud

Contact Olebile Ratshikana • Cell: 083 777 3512 • Fax: 018 387 1478 • oratshikana@nwpg.gov.za • PO Box 295, Buhrmansdrif, 2867



Adv Olebile Benjamin Ratshikana and his sister farm on their farm Springvalley close to Mafikeng, with a Brahman and Braunvieh stud. Cattle are selected for quality, masculine, length, good temperament so that we can enjoy working with them, low birth mass and mothers with enough milk to raise their calves with ease.

Verhoog produksie met genetica

Dr Helena Theron - LNR-Diereproduksie Instituut, Privaatsak X2, Irene

Die 'beste' diere in 'n kudde is die diere wat die beste produseer, reproduseer en oorleef en dus die winsgewendste is. Hoewel die omgewing die grootste rol speel, kan genetica ook ingespan word om produksie in 'n kudde te verbeter. Om die genetica van 'n kudde te verbeter, is dit egter baie belangrik om eers 'n teelddoelwit te bepaal, dit wil sê te besin oor watter tipe dier wel die beste in daardie spesifieke omgewing is. Die tweede stap is om diere te identifiseer waarmee hierdie teelddoelwit bereik kan word, byvoorbeeld diere wat speengewig sal verhoog, maar geboorte gewig dieselfde sal hou. Die beste manier is om geskikte bulle uit te soek, omdat bulle 'n groot invloed het op die genetiese samestelling van die kudde.

Die Teelddoelwit

Dit is belangrik dat 'n teelddoelwit so akkuraat as moontlik geformuleer moet word. Dit kan tot tussen 5 en 6 jaar neem voor 'n teler die resultaat van sy teelddoelwit kan sien, afhangende van die oorerfbaarheid en seleksie druk van eienskappe onder seleksie. Daar is verskeie aspekte wat in gedagte gehou moet word by die bepaling van 'n teelddoelwit, soos byvoorbeeld die omgewing en markte. Die mees winsgewende diere in een omgewing sal nie noodwendig winsgewend in die volgende omgewing wees nie, byvoorbeeld in omgewings waar voer oorvloedig of goedkoop is, vaar grootraam koeie wat groot swaar kalwers speen, gewoonlik die beste, terwyl in 'n warm droë omgewing waar voer skaars is, kleiner raam diere weer beter vaar.

Winsgewendheid word ook bepaal deur die mark, en behoort dus in ag geneem te word by teelddoelwitformulering. 'n Teler wat speenkalwers verkoop se teelddoelwit sal grootliks verskil van die teler wat veld afgeronde diere aan die abbatoir bemark. Vir 'n speenkalf produksiestelsel is reproduksie-tempo van kritiese belang terwyl vrugbaarheid vir 'n 18 maande veld afrond stelsel of vir die voerkrale geen voordeel inhou nie, omdat diere bloot ingekoop word. Hierdie telers sal dus geen ag op reproduksie slaan nie. Groei doeltreffendheid, naspeense groeitempo, uitslag persentasie en vleis-kwaliteitseienskappe

is weer van belang vir die voerkraal- en veldafrondings stelsels terwyl dit van min waarde is in 'n speenkalf stelsel. 'n Hoogs winsgewende dier in een produksie stelsel kan dus glad nie geskik vir 'n ander boerdery-stelsel wees nie.

Alle telers behoort egter teelddoelwitte te stel wat voldoen in die behoeftes van die kommersiële telers. Waak teen teelddoelwitte wat nie volhoubaar is nie, soos stoettelers wat hulle diere onder mekaar verkoop. As kommersiële boere by jou as stoetteler diere koop, is jy op die regte pad. Teelddoelwitte gebaseer op eienskappe soos kleurpatrone, bouwormeenskappe soos die vorm van die kop of horings, ens, is ook sinloos.

Seleksie van diere

Die gebruik van teelwaardes verhoog genetiese vordering, omdat teelwaardes dit vir die teler moontlik maak om uit 'n groter genetiese poel diere te selekteer - hy is nie meer net tot sy eie kudde en/of een of twee ander kuddes beperk nie. Teelwaardes neem genetiese en omgewings verskille tussen groepe diere (kontemporêre groepe) in ag. As gevolg hiervan kan diere, met behulp van teelwaardes, vanaf verskillende omgewings, plase en ouderdoms groepe direk met mekaar vergelyk word sonder om enige akkuraatheid in seleksie prys te gee. Die uitsoek van bulle vir 'n kudde moet versigtig gedoen word, omdat dit verreikende gevolge kan hê. Die impak van 'n bul op 'n kudde is groot omdat 50% van sy kalwers se genetica afkomstig is van hom.

Eienskappe waarvoor daar geselekteer kan word/teelwaardes beraam word

Vrugbaarheid

Daar bestaan geen twyfel daaraan dat vrugbaarheid die belangrikste eienskap is waarvoor daar geselekteer moet word in 'n speenkalf stelsel nie. 'n Kalf is die produk wat verkoop word en sonder 'n kalf, sal daar geen wins wees nie. Vrugbaarheid is egter 'n baie komplekse eienskap, met 'n baie eenvoudige resultaat: die koei kalf of sy kalf nie. Die redes hoekom 'n koei

nie kalf nie, is veelvuldig, bv. omgewingsfaktore, hormonale faktore, en ook genetiese faktore. Die oorerfbaarheid van vrugbaarheidseienskappe is oor die algemeen baie laag - in die omgewing van 10% of laer. Dit is ook 'n moeilike eienskap om direk te meet, en word oor die algemeen indirek gemeet met eienskappe soos ouderdom met eerste kalwing, aantal kalwers tot op 'n sekere leeftyd, skrotumomvang, ens.

Speengewig

In 'n kudde waar speenkalwers verkoop word, is speengewig naas vrugbaarheid die belangrikste eienskap wat wins bepaal. Speengewig het twee genetiese komponente: die kalf se genetiese vermoë om te groei wat aangedui word deur die direkte teelwaarde (EBVspeen-direk); asook sy ma se moederlike vermoë, hoofsaaklik melkproduksie, wat aangedui word met die maternale teelwaarde (EBVspeen-maternaal). Maternale teelwaardes kan eers 'gemeet' word as 'n koei 'n kalf gespeen het, of as 'n bul se dogters kalwers gespeen het. Direkte teelwaardes word egter redelik akkuraat bepaal met speengewig. 'n Jong dier se speen-direk teelwaarde kan dus al akkuraat wees, terwyl die maternale teelwaarde nog baie onakkuraat is.

Geboortegewig

Geboortegewig is baie sterk gekorreleerd met gewigte op later ouderdomme, soos bv. speengewig. Indien daar dus baie sterk geselekteer word vir groei eienskappe, gebeur dit noodwendig dat die geboorte gewigte van die kalfies ook verhoog. Te groot en swaar kalwers met geboorte, kan lei tot moeilike geboortes en verlies aan kalwers en koeie en verlaagde vrugbaarheid van koeie wat moeilik gekalf het. Dit is egter moontlik om speengewig te verhoog, maar teen swaar geboortegewigte te selekteer. Uit die genetiese tendense van die Braunvieh (Figuur 2), kan gesien word dat Braunvieh telers oor die algemeen wel suksesvol was daarmee. Geboortegewig het, soos speengewig, 'n direkte en 'n maternale komponent. Elke kalf het sy eie gene wat sal bepaal hoe swaar hy by geboorte sal wees en word aangedui in die direkte teelwaarde (EBVgeboorte-direk). Die

groeï van die fetus word egter ook beïnvloed deur die moeder se vermoë om 'n baarmoeder omgewing vir voorgeboortelike groei te skep, aangedui deur die maternale teelwaarde (EBVgeboorte-maternaal). Selekteer vir gemiddelde teelwaardes by beide teelwaardes.

Ander eienskappe

Jaar- en 18 maande gewigte word in Fase B gemeet, en is hoofsaaklik op verse gemeet, aangesien die bulkalwers na speen in Fase C of D gemeet word. Hierdie teelwaardes gee 'n aanduiding van volwasse grootte van diere. Baie min jaar- en 18 maande gewigte word vir Braunvieh gemeet (Figuur 1).

Alhoewel prestasietoetsing en BLUP teelwaardes 'n deurslaggewende rol speel in die seleksie proses is dit ook belangrik om diere op funksionele doeltreffendheid te keur. Dit sal die teler niks baat as hy 'n bul selekteer met uitstekende BLUP teelwaardes, maar die bul kan nie koeie dek nie, omdat hy onvrugbaar is of dalk swaar loop nie.

Teelwaarde indekse

Teelwaarde indekse is die maklike manier om diere te selekteer op teelwaardes. Die teelwaarde indeks vergelyk diere oor die ras, waar 100 die gemiddeld van al die lewendige diere in die ras is. Hierdie indekse is soortgelyk in uitdrukking aan die bekende indekse in die Nasionale Vleisbeesskema, maar die groot verskil is dat die nuwe waardes gebaseer word op BLUP teelwaardes en sodoende reeds alle omgewingsaanpassings in ag neem. Die teelwaarde indeks word aan die onderkant van die teelwaarde in die kuddeprofiel gedruk.


Genetiese verandering by die Suid-Afrikaanse Braunvieh

Hoewel die Braunvieh reeds baie jare aan prestasietoetsing deelneem, is net die data wat sedert 1986 gemeet is, op rekenaars beskikbaar op die sentrale databasis (INTERGIS). Uit Figuur 1 kan gesien word dat heelwat meer geboorte gewigte as speengewigte beskikbaar is en dat die aantal speengewigte in verhouding met die geboortegewigte baie verbeter het sedert 2000. In die afgelope 10 jaar het geboortegewigte gestabiliseer op ongeveer 500 per jaar, en speengewigte op net meer as 200 per jaar. Feitlik geen jaar- en 18 maande gewigte word gemeet nie. Te min bulle word in die na-speense groeifases (Fase C en D) getoets om sinvolle teelwaardes vir hierdie eienskappe te bereken.


Genetiese verbetering kan gesien word op 'n grafiek van die genetiese tendense (Figuur 2). Die gemiddelde teelwaarde van diere wat geweeg is, word per geboortjaar geplot. Hoewel die genetiese tendense van die Braunvieh neig om heen en weer te spring as gevolg van min aantalle, is die algemene verandering tog sigbaar.

Figuur 2 dui dat Braunvieh telers suksesvol geselekteer het vir verhoogde speengewigte en beide EBVspeen-direk en EBVspeen-maternaal verhoog het, terwyl EBVgeboorte-direk veral die laaste klompie jare stabiel gebly het. Die genetiese verbetering is ongeveer 3 tot 4 kg op speen direk en 2 kg op speen maternaal, dit wil sê ongeveer 5 kg in die afgelope 20 jaar. Dit is nie baie nie, maar daar moet in gedagte gehou word dat baie min diere geweeg word.

Figuur 1: Die aantal rekords wat gebruik word in die Suid-Afrikaanse Braunvieh BLUP analise.



Figuur 2: Genetiese tendense vir die Braunvieh ras vir EBVgeboorte-direk, EBVspeen-direk en EBVspeen-maternaal toon dat telers beide EBVspeen-direk en EBVspeen-maternaal geneties verbeter het, sonder om EBVgeboorte-direk ook te verhoog.



Ten slotte

Ten spyte van min aantalle en 'n lae persentasie deelname aan die Prestasie toetsskema (50% kuddes en 60% vroulike diere), toon die Braunvieh ras tog genetiese verbetering. Beide EBVspeen-direk, wat dui op groei, en EBVspeen-maternaal, wat dui op melkproduksie van die koeie, het geneties verbeter, terwyl EBVgeboorte-direk stabiel gebly het. ■

The Braunvieh and performance testing

Graham Hallowell - SA Studbook and Leslie Bergh - ARC Animal Production Institute



Since 1974 the breed known as the Brown Swiss has been divided into a dual-purpose breed, the Braunvieh, and a dairy breed, the SA Dairy Swiss. For the Braunvieh, the Beef Recording and Improvement Scheme (previously known as the Beef Cattle Performance Testing Scheme) was considered compulsory while the Milk Recording Scheme was made compulsory for the Dairy Swiss. However, breeders were given the option of deciding themselves which of the two schemes they would like to participate in. This was due to the fact that the original Brown Swiss had always been considered “a dual-purpose breed with a tendency towards dairy”. It is however disappointing that, amongst the Braunvieh breeders, there are still farmers that are milking their cows which excludes them from meaningful participation in phase A of the Beef Recording and Improvement Scheme.

This “tendency towards dairy” has played a crucial role in the decisions of individual farmers who have had problems with the choice of which of the performance schemes they should participate in. On the one hand, especially amongst the Braunvieh, there are herds that are still being milked, and on the other hand, there are cows being used as surrogate mothers for several calves. The Phase A of the Beef Recording and Improvement Scheme has, as its main aim, the evaluation of the reproduction and suckling abilities of the cow, as measured by the birth and growth of her calf. In cases where a calf is raised by a surrogate mother, or a cow has several calves suckling on her, weaning data loses its value for maternal evaluation. More-over, because of differing treatments, the contemporary groups in the breed are relatively small.

Despite the fact that participation in the Beef Recording and Improvement Scheme is compulsory for Braunvieh breeders, only 22 (56%) of the 39 breeders are participating in the Beef Scheme with 971 (74%) of the 1 311 breeding females in the breed. However, from those potential 971 breeding females, weaning weights of only 298 (30.7%) calves were submitted. The primary reason for this difference is probably a lack of

commitment amongst breeders participating in the Beef Scheme to weigh and submit weaning weights of all calves weaned. Contributing reasons could be low fertility of cows and/or a high mortality rate from birth to weaning.

PHASE A – Reproduction and suckling phase

In any livestock farming enterprise, reproduction rate is the most critical factor in determining the viability of the enterprise. Reproduction rate is measured firstly by the age at which heifers calve for the first time, and secondly by the inter calving period (i.e. the average days between the birth dates of each consecutive calf). For the Braunvieh, the average age at first calving of herds participating in the Beef Scheme is 32.9 months, compared to the average of 31.4 months for herds of all breeds participating in the Beef Scheme. The inter calving period of Braunvieh herds participating in the Beef Scheme is 450 days compared to the average of 419 days for herds of all breeds participating in the Beef Scheme. Obviously, there are some room for improvement, especially with regards to inter calving period.

As we all know, birth weight of the calf is the most important factor contributing to calving problems. In this light, the birth weight of all calves should be recorded by every registered breeder, irrespective of his participation in the performance schemes. Should calving difficulties occur, it is imperative that this be corrected immediately. For the Braunvieh, the average birth weight was 39.2kg, which is probably within acceptable norms for a large frame breed such as the Braunvieh.

The average weight of cows is 507kg at calving and 540kg at weaning of their calves. The ratio of calf birth weight to cow weight is 8.1% while calves at weaning are 42.3% of the weight of their dams. The average for herds of all breeds participating in the Beef Scheme is 7.3% and 42.8% respectively.

PHASE B – Post weaning phase

This phase is especially important for the growth evaluation

and also adaptability of heifers before being mated. This phase consists of weights being recorded at approximately 12 and 18 months respectively, with the 18 month weight being the most meaningful. As with all weights, it is important that the contemporary groups be properly defined.

The average 365 day weight for heifers is 280kg and the average 540 day weight for heifers 348kg.

PHASES C and D – Post weaning growth tests for bulls

Phase C is a centralized growth test, either at ARC or at private bull testing centres. The most important traits evaluated in phase C are feed conversion ratio (FCR) and average daily gain (ADG). Body measurements, including height, length, scrotal circumference and skin thickness are also recorded. RTU scanning for measuring subcutaneous fat, intramuscular fat (marbling) and eye muscle area are also done, where possible. Over the past years this phase has been especially popular amongst the Braunvieh breeders. In 2007 a total of 26 bulls were tested in phase C.

The 26 bulls tested in phase C during 2007 had the following average figures:

Final weight 509kg, ADG 1843g, FCR 5.94 and ADA 1.282kg

A Braunvieh bull was adjudged the national winner of the Special Performance Test Class for phase C tested bulls at the Pretoria Show in two consecutive years, namely 2006 and 2007.

Phase D is the on-the-farm growth testing for bulls, either from a single owner (D1) or from more than one breeder (D2). These tests can vary from intensive 84 day period tests to extensive (veld) tests up to 270 days. Phase D tests have been poorly supported by the Braunvieh breeders with only one test with 17 bulls being done in 2007.

Continues on page 22

BEAULIEU

BRAUNVIEH STOET



Slegs die beste is goed genoeg!

Teeltdoelwitte vir vleisbeestelers

Charl Hunlun, SA Stamboekvereniging



Die doel van enige ernstige teler van vleisbeeste behoort te wees om diere te teel waarvoor daar 'n mark is – die breë bedryf moet 'n behoefte toon vir die produk wat die teler produseer (daar moet 'n vraag wees na die produk). Só moet 'n kommersiële teler diere teel wat sy primêre kliënt verlang en bereid is om te koop teen 'n mededingende prys. Indien 'n kommersiële produsent speenkalwers aan 'n voerkraal lewer sal sy teeltdoelwitte beïnvloed word deur die voorkeure van die voerkraaloperateur, wat weer grootliks bepaal sal word deur die heersende vleis- en voerprijs en die vraag na sy produk – karkasse wat voldoen aan die spesifikasies van die mees gesogte grade beesvleis (ouderdom, gewig, vetheidsgraad en kwaliteit).

'n Stoetteler moet diere teel wat sy mark verlang. In die meeste gevalle is 'n stoetteler se primêre mark die kommersiële teler maar 'n mens sal naïef wees om te aanvaar dat dit sy enigste mark is – stoettelers moet dus deeglik bewus wees van al die moontlike markte wat tot sy beskikking is, wat die omvang en toeganklikheid van die markte is, wat hulle behoeftes is en wat die moontlike rendement is wat elk van hierdie markte mag lewer. Ongelukkig is daar, vir verskeie redes, nie 'n universele 'resep' wat aan stoettelers voorgehou kan word nie. Daar is egter 'n paar basiese beginsels wat stoettelers moet volg om te verseker dat hulle die beste moontlike pryse vir hulle produkte realiseer.

Die eerste, en waarskynlik die belangrikste beginsel, is dat die stoetteler die bedryf en die produksieprosesse van sy primêre mark intiem moet ken en ook dat hy akkurate vooruitskousings in hierdie verband moet kan maak – die teelmateriaal wat stoettelers hierdie jaar gaan bemark is waarskynlik so lank terug as 3 tot 4 jaar gelede beplan en geteel, en daardie teelmateriaal moet diere teel wat oor soveel as 18 tot 24 maande eers aan die kommersiële teler en die voerkraal 'n produk kan lewer.

Die aanduidings uit die registrasie- en oordragrekords van vleisbeesrasse is dat slegs sowat 3½ - 4½% van die registreer-

bare bulkalwers uiteindelik nageslag in die stoetbedryf verwek. Die ooreenstemmende syfer vir verskalwers is nagenoeg 17½ - 21½%. Die moontlikhede wat die stoetbedryf self as 'n mark bied is dus (op 'n gemiddelde basis) redelik beperk in die geval van manlike teelmateriaal en ook nie té waffers in die geval van vroulike diere nie. Die vraag wat hieruit ontstaan is dus: Waar word die ander diere bemark en wat is die onderskeie moontlikhede en uitdagings wat daardie markte bied?

Daar kan aangeneem word dat nagenoeg 40 - 45% van die registreerbare bulkalwers aan die kommersiële beesbedryf gelewer word en dat die res (nagenoeg 50 - 60%) uiteindelik in die menslike voedselketting beland, hetsy as uitskot speenkalwers wat aan 'n voerkraal bemark word of as uitskot ampervolwasse diere wat later noodgedwonge direk as slagdiere bemark word. Die situasie vir vroulike diere is min of meer dieselfde alhoewel daar veels te min waardevolle registreerbare vroulike diere as teelmateriaal in die kommersiële bedryf aangewend word – die oorgrootte meerderheid van uitskot jong vroulike diere word as voerbeeste aan voerkrale bemark.

Die gebruik van oorskot (let wel, nie uitskot nie) jong vroulike diere uit die stoetbedryf as teelmateriaal in kommersiële kuddes, bied 'n uitstekende geleentheid vir kommersiële telers om die produktiewe kapasiteit van hul kuddes baie te verbeter. Hierdie situasie skep dus ook 'n gulde bemarkingsgeleentheid vir stoettelers om 'n gunstiger mark vir hul oorskot teelverse te ontgin.

Tweedens, en eweneens uiters belangrik, moet die stoetteler sy produk ten volle ken – die ras, sy sterk- en sy swak punte, asook sy eie kudde se sterk en swak punte ten opsigte van die produksieprosesse en die omgewing en omstandighede waarin produksie moet plaasvind. In hierdie opsig is dit natuurlik absoluut belangrik dat die tersaaklike kenmerke van die ras en kudde deurlopend objektief deur akkurate meting en aantekening geëvalueer word. Die meeste eienskappe wat van ekonomiese belang vir 'n beesboer is, is meetbaar en sal baie

moeilik enigsins deur teling verbeter kan word deur enige ander metode as toegewyde meting en aantekening.

Dit is ook belangrik dat elke stoetteler besef dat hy 'n entrepreneur in eie reg is en daarom tot 'n baie groot mate sy eie unieke strategieë, teeltdoelwitte en teikenmarkte moet formuleer en ontgin. Tipiese vrae, waarop daar beslis duidelike en praktiese antwoorde moet wees en wat 'n duidelike aanklank moet vind in die uiteindelijke teeltdoelwit wat gestel en geïmplementeer word, is:

- Wie is my primêre mark? Wie koop die meeste (in terme van inkomste) van my aandeel?
- Wat is hulle behoeftes in terme van spesifikasies (meetbare eienskappe) en in terme van aantal diere wat hulle verlang? En in die toekoms?
- Tot watter mate voldoen my diere aan daardie spesifikasies (meetbare eienskappe)? Wat is die terugvoer van kliënte wat in die verlede van my teelmateriaal gekoop het?
- Watter rendement kan ek van hierdie mark verwag? Hoe gaan dit verander?
- Watter ander alternatiewe markte bestaan daar en wat is hulle behoeftes en wat is die moontlike inkomste uit sulke markte?

Na aanleiding van die antwoorde op hierdie vrae word 'n teler se teeltdoelwitte geformuleer. Die 'vertaling' van die geformuleerde teeltdoelwitte na 'n reeks eienskappe met meetbare waardes is egter uiters belangrik – daar is nog veels te veel telers (en sogenaamde kenners ook) wat reken dat vae beskrywings van algemene kenmerke goed genoeg is om as 'n teeltdoelwit te dien.

Dit behoort duidelik uit die voorgaande te blik dat 'n algemene of 'gesamentlike' teeltdoelwit feitlik onhaalbaar is omdat elke teler se mark effens verskillend is – sommige telers verkoop 'n groter persentasie teeldiere aan ander stoettelers; sommige telers verkoop hoofsaaklik teelbulle aan kommersiële tel-



Danie de Villiers 082 725 5420
Wessel de Villiers 082 487 2948
Elbie Botha 082 800 3859
e-pos: berglandkoepel@gmail.com
Posbus 361 Parys 9585

VISIE:

*Deurlopende volhoubare
groei-vermoë te verseker.*

MISSIE:

*Om aan die behoeftes van kliënte te voldoen
deur die regte tipe bloedlyne optimaal te benut.*

“Vleis, Melk en Moederlike Eienskappe”



ers in graanproduserende gebiede terwyl ander se afset weer hoofsaaklik in die weigebiede is; en so meer. Selfs die tipe teelkoeie wat deur 'n kommersiële kliënt aangehou word speel 'n belangrike rol in hierdie verband. Daar is egter 'n aantal belangrike eienskappe wat in feitlik alle teeltdoelwitte 'n prominente rol behoort te speel. Enkele van hierdie doelwitte en die eienskappe wat daarmee geassosieer word, word hier ter illustrasie bespreek:

Vrugbaarheid is seker die belangrikste eienskap waarvoor enige beesboer kan selekteer en behoort 'n baie prominente deel te wees van feitlik enige teeltdoelwit. Vrugbaarheid word betreklik goed gemanifesteer in eienskappe soos tussen-kalfperiode (TKP), ouderdom-met-eerste-kalwing (OEK) (natuurlik, met in agneming van heersende bestuurspraktyke) en selfs die skrotum-omvang van jong teelbulle. Alle vrugbaarheidsparameters is baie onderhewig aan bestuurs- en omgewingsinvloede en daarom is akkurate en volgehoue aantekening en evaluasie, asook goeie reproduksiebestuur van die kudde, van uiterse belang. Geen kudde (of ras) kan té vrugbaar wees nie en omdat die vrugbaarheidseienskappe feitlik almal laag oorerfbaar is, behoort alle telers volgehoue seleksie vir hoër vrugbaarheid toe te pas: skot alle volwasse koeie met 'n hoë TKP (meer as 410 dae) en alle eerste-kalf koeie met 'n TKP van meer as 430 dae summier uit; pas dekseisoene streng toe en benut die voordele wat hierdie bestuurspraktyk bied ten volle; selekteer slegs vervangingsverse en teelbulle wat die nageslag is van teelkoeie en -bulle met 'n onbesproke reproduksierekord.

Geboortegewig speel 'n belangrike rol in die teel- en seleksieprogramme van die meeste telers. Die verlaging van die voorkoms van geboorteprobleme is 'n belangrike oorweging in die besluit van watter ras en/of teelbul om te gebruik. Geboortegewig is 'n hoogs oorerfbare eienskap en kan betreklik maklik akkuraat gemeet word. In sommige rasse of kuddes, afhangende van die omstandighede, kan en behoort die verlaging van geboortegewig 'n belangrike prioriteit te wees. Deur 'n potensiële probleem met hoë geboortegewig te ignoreer – dus deur nie te meet nie en deur nie geboortegewigte en geboortegewig-teeltwaardes te gebruik nie – is kortsigtig. 'n Bulkoper sal na die eerste kalfseisoen uit dure ondervinding weet om nooit weer 'n bul van die betrokke kudde of ras te gebruik nie en, les bes, dit vir almal wat hy ken vertel. Gebruik slegs teelbulle met geboorte-teeltwaardes wat laer is as die rasge-

middeld. Teken die geboortegewigte van al die kalwers in die kudde aan en gebruik daardie waardes om vervangingsdiere uit die kudde te selekteer. Die aantekening van koeigewigte met geboorte van die kalf is eweneens 'n belangrike parameter wat heelwat ekstra dividende vir 'n teler kan meebring indien dit in die bestuursprogram ingepas kan word.

Speengewig is 'n gewilde seleksiekriterium, maar verskille in die kenmerke van verskillende rasse en/of kuddes en verskille tussen die doelwitte en omstandighede van kliënte mag beteken dat speengewig nie altyd 'n ewe belangrike rol in alle teeltdoelwitte sal speel nie. Speengewig is medium tot hoog oorerfbaar en daar is, soos vir geboortegewig, twee komponent-teeltwaardes – 'n direkte teeltwaarde wat 'n aanduiding gee van die dier se direkte genetiese invloed op sy nageslag se speengewig, en 'n maternale teeltwaarde wat 'n aanduiding gee van die dier se genetiese invloed op sy/haar dogters se vermoë om die speengewig van húl nageslag te beïnvloed. Dit is nie altyd gewens of lonend om die prestasie van 'n bul se nageslag bó 'n sekere vlak te verhoog nie – 'n teler se strategie hier sal baie duidelik bepaal word deur die genetiese vlak van speengewig en melkproduksie in sy eie kudde/ras en deur die vlak van speengewig en melkproduksie in die kuddes van sy kliënte. Daar is egter altyd variasie ten opsigte van hierdie (en alle ander) eienskappe in 'n kudde en in 'n ras, en telers behoort die genetiese vermoëns van elke teeldier in sy kudde te oorweeg en daarna te streef om ten minste 'n aanvaarbare (vir sy kliënte) kuddegemiddeld te handhaaf. Die toegewyde aantekening van die speengewigte van alle kalwers en die aantekening van die gewigte van die koeie met die speen van hulle kalwers gee aanleiding tot akkurate teeltwaardes vir hierdie belangrike eienskappe en lewer terselfdertyd waardevolle bestuursinligting aan die teler.

Groeivermoë is, soos speengewig, 'n komponent van 'n teeltdoelwit wat met omsigtigheid benader moet word – die vlakke van die prestasie in die tersaaklike eienskappe in beide die teler se eie kudde/ras en dié van sy kliënte, sal grootliks bepaal wat 'n teler se strategie ten opsigte van die verbetering van die betrokke eienskappe sal wees. Groeivermoë word gemanifesteer deur 'n hele paar meetbare eienskappe wat doeltreffend gebruik kan word om die eienskap te verander na gelang van die teler se voorkeur. Groeivermoë is medium tot hoog oorerfbaar en het 'n redelike sterk positiewe korrelasie

met gewig op feitlik alle ouderdomme – seleksie vir hoër groeivermoë is geneig om gewig te verhoog. Die eienskap wat die doeltreffendste gebruik kan word om groeivermoë te verander is die groeitempo van bulle in groeitoetse (GDT – gemiddelde daaglikse toename). Die groeivermoë van kalwers na speen in 'n voerkraal is natuurlik baie belangrik vir voerkraaloperateurs en behoort, indien dit van toepassing is, die toepaslike aandag in die seleksieprogram van telers te geniet. Soos wat die geval is met die meeste eienskappe sal seleksie vir hierdie eienskap baie meer doeltreffend wees indien die teler die eienskap in sy kudde meet, en dus deelneem aan die verskillende toetsfases wat vir hierdie doel beskikbaar is.


Doeltreffendheid is 'n baie belangrike komponent van 'n teeltdoelwit. Daar is verskeie meetbare eienskappe wat gebruik kan word om doeltreffendheid te verbeter soos bv. die voeromsetverhouding (VOV) tydens die sentrale groeitoetse van jong bulle en die Kleiberverhouding van jong bulle tydens plaasgroeitoetse. Alhoewel die komponente van hierdie gemete eienskappe (bv. voerinname, groeitempo en gewig) redelik hoog oorerfbaar is, reageer hierdie saamgestelde eienskappe nie so goed op seleksie nie en behoort telers volgehoue aandag hieraan te gee in die seleksieprogram.

Volwasse gewig word al hoe meer belangrik as 'n komponent van 'n teeltdoelwit. Telers moet die behoeftes van die bedryf, en meer spesifiek hul kliënte, baie goed evalueer en die toepaslike maatreëls in hulle teeltprogramme instel. Daar is beslis ruimte in die kommersiële beesbedryf vir beide teelbulle wat volwasse gewig sal verhoog en vir bulle wat dit sal verlaag in hul nageslag – dit is die taak van die stoetteler om te besluit wat die voorkeure en behoeftes van sy kliënte is en wat sy eie fokus hieroor in sy teeltprogram gaan wees. Daar is 'n sterk genetiese korrelasie tussen volwasse gewig en gewig op alle ander ouderdomme asook groeitempo. 'n Volledige aantekenningsprogram sal telers in staat stel om die baie slaggate wat seleksie vir hierdie eienskappe inhou doeltreffend te kan omseil.

Daar is verskeie ander eienskappe wat, afhangende van die individuele omstandighede van die teler, meer of minder belangrik mag wees as deel van 'n teeltdoelwit.

Vervolg op bladsy 20

Braunvieh Namibia



Ryne Versfeld
Lewenslange ere voorsitter

Anandie Braunvieh
Stephanie van der Walt
Posbus 518, Windhoek
Sel: 081 124 6252
E-pos: svdw@iway.na

Aurora Braunvieh
Lourens Le Grange
Posbus 9794, Windhoek
Sel: 081 127 9170
E-pos: llg@iway.na

Berbo Braunvieh
Nickie Botha
Posbus 86884, Windhoek
Sel: 081 129 4360
E-pos: bothan@mweb.com.na

Bravo Braunvieh
Paul Versfeld
Posbus 345, Gobabis
Sel: 081 129 1373
E-pos: versfeldp@iway.na

Charity Braunvieh
Len de Jager
Posbus 86150, Windhoek
Sel: 081 236 3713
E-pos: ldejager@mweb.com.na

Delkoms Braunvieh
Danie & Francois Delpont
Posbus 1, Witvlei
Sel: 081 127 8998
E-pos: airle@iway.na

Die Rante Braunvieh
Junior Versfeld
Posbus 994, Gobabis
Sel: 081 216 8477
E-pos: versfeld@iway.na

Honigberg Braunvieh
Sarel du Toit
Posbus 1684, Otjiwarongo
Sel: 081 234 5722
E-pos: hildadutoit@gmail.com

Ondero Braunvieh
Manfred Zamuee
Posbus 20671, Windhoek
Sel: 081 129 4340
E-pos: zamueem@aforbes.com.na

Reproduksie se invloed op Seleksie en Wins

Leslie Bergh, LNR-Diereproduksie Instituut, Irene



Hoekstene van reproduksiebestuur

Reproduksie is die basis van die produksieketting en die enkele aspek wat die grootste invloed het op die winsgewendheid van 'n vleisbeesboerdery. Reproduksiebestuur berus op vier bene, naamlik voeding, kuddegesondheid, seleksie vir vrugbaarheid en paringsbestuur. Alhoewel dit as vanselfsprekend aanvaar word dat goeie rekordhouding die basis is vir die effektiewe bestuur van elk van bogenoemde aspekte, is dit skokkend hoeveel vleisbeesboere baie min, indien enige, reproduksie- en produksierekords hou van hul diere.

Invloed op seleksiedruk

Tabel 1 illustreer die invloed van kalfpersentasie op selesiedruk. Die aannames is dat dit 'n teelkudde van 100 koeie is, die mortaliteite 3-5% per jaar is, alle nie-dragtige koeie verkoop word nadat dragtigheidsondersoeke gedoen is en 'n verdere 10% van die koeie jaarliks uitgeskot word op grond van ouderdom, swak prestasie, ensovoorts.

Tabel 1: Die invloed van kalfpersentasie op seleksiedruk.

Kalf %	Vrektes (3 - 5%)	Beskikbare verse	Dragtige verse	Uitskot – Nie gekalf	Uitskot – Oud en ander	Totale uitskot	Surplus of tekort
95	3	46	44	5	10	15	+29
85	3	41	35	15	10	25	+10
80	3	39	31	20	10	30	+1
75	3	36	27	25	10	35	-8
65	3	31	20	35	10	45	-25
55	3	26	14	45	10	55	-41

Die ideaal is om, so gou moontlik nadat die dekseisoen verby is, alle nie-dragtige koeie te verkoop en te vervang met dragtige verse. Tabel 1 toon aan dat, indien die kalfpersentasie onder 80% daal, dit nie moontlik is nie, omdat koeie en/of verse wat nie dragtig is nie, in die kudde gehou moet word om getalle te handhaaf. Doeltreffende seleksie vir vrugbaarheid vereis dus 'n kalfpersentasie van minstens 80%.

Invloed op wins

Navorsing het aangetoon dat 'n 10% verbetering in reproduksietempo 'n kudde se netto inkomste met 8% verhoog.

Tabel 2 illustreer die uitwerking van kalfpersentasie op die jaarlikse bruto inkomste in 'n kudde waar 20% koeie jaarliks uitgeskot word. Die aannames is dat dit 'n teelkudde van 100 koeie is, die

speengewig van bulkalwers 230 kg is, die van verskalwers 210 kg en die gewig van uitskotkoeie 500 kg. Die uitslagpersentasie van uitskotkoeie is 50%. Die speenkalwers word teen R12,50/kg lewende gewig en uitskotkoeie teen R17.30/kg karkasgewig verkoop.

Tabel 2: Die invloed van kalfpersentasie op die jaarlikse bruto inkomste van 'n vleisbeeskudde.

Kalf %	Vrektes (3-5%)	Verkoopbare kalwers (Bulle + Verse)	Uitskot koeie	Inkomste – Kalwers (R)	Inkomste – Uitskotkoeie (R)	Totale inkomste (R)
95	3	46 + 26	20	200 500	86 500	287 000
85	3	41 + 21	20	173 000	86 500	259 500
75	3	36 + 16	20	145 500	86 500	232 000
65	3	31 + 11	20	118 000	86 500	204 500
55	3	26 + 6	20	90 500	86 500	177 000

Die berekening toon aan dat indien die kalfpersentasie van 55% tot 95% verhoog word, die bruto inkomste per jaar met R110 000 (62%) verhoog word in 'n koeikudde van 100 diere. Anders gestel, as die kudde se kalfpersentasie 55% is, verloor die boer R110 000 van sy potensiële bruto inkomste per jaar.

Dit laat jou dink, nê? ■

Vanaf bladsy 18

Dit is deel van die taak van die teler om die mees toepaslike teeltdoelwit en eienskappe te kies wat gebruik kan word om diere te teel wat in die behoeftes van sy kudde en sy kliënte sal voldoen.

Een van die belangrikste aspekte van 'n teeltdoelwit is die voortdurende monitering van vordering ten opsigte van die bereiking van die doelwitte en 'n konstante herevaluasie van die toepaslikheid van die gestelde doelwitte en die eienskappe wat gebruik word in die seleksieproses. Slegs deur diere te teel wat voldoen aan die vereistes van die bedryf sal 'n teler, en uiteindelik 'n ras, relevant bly in die hoogs kompeterende bedryf waarin ons onself bevind. ■

SWARTBULT BEZUIDENHOUT

R
O
E
R
S



Ons teel vanaf die veld vir gehardheid,
bespierung, vrugbaarheid en vleis.
Kobus - 082 374 5022 Petri - 082 859 7023
bezmar@mtnloaded.co.za

Kruis- of Suiwer Teling – Wat is die Beste?

Leslie Bergh, LNR-Diereproduksie Instituut, Irene



Wat is die beste – kruis- of suiwer teling? Soos met die meeste vrae oor teling, is daar nie 'n eenvoudige antwoord op hierdie vraag nie, aangesien die antwoord afhang van baie faktore. Ons kan egter wel 'n klompie beginsels en riglyne gee wat gebruik kan word om 'n ingeligte besluit te neem vir 'n spesifieke situasie.

Eerstens is dit belangrik om te beseef dat kruisteling nie die antwoord is vir lae biologiese- en ekonomiese doeltreffendheid van produksie as gevolg van swak bestuur, swak voeding en/of die gebrek aan streng, doelgerigte, seleksie nie. In baie gevalle word kruisteling nie gebruik om ekonomiese doeltreffendheid te verhoog nie, maar slegs prestasie te handhaaf, as gevolg van die gebruik swak genetica. Indien jy dus aan die bul-van-die-maand klub behoort, is kruisteling nie jou antwoord nie – dit gaan eerder jou probleme vererger as oplos.

Tweedens is dit belangrik om die verskille tussen suiwer- en kruisteling te verstaan. Kom ons kyk kortliks wat die verskille is.

Suiwerteling

- Min of geen benutting van heterose vir verhoging van doeltreffendheid
- Hoë seleksie-intensiteit en teelvordering moontlik
- Seleksie en bemarking makliker a.g.v. 'n hoë mate van uniformiteit
- Stelsel is maklik en eenvoudig
- Minder bestuursinsette nodig
- Laag oorerflike eienskappe soos reproduksie, oorlewing, moedereienskappe en langlewendheid kan moeilik verbeter word deur seleksie
- Kan nie vinnig aanpas by veranderde produksiestelsel en markvereistes nie
- Kleiner gevaar van kalwingsprobleme
- Groter gevaar van inteling

Kruisteling

- Maksimum benutting van heterose moontlik vir verhoging van doeltreffendheid
- Laer seleksie-intensiteit en teelvordering
- Moeiliker seleksie en bemarking a.g.v. verskillende rastipes/kombinasies
- Stelsel is moeilik en ingewikkeld
- Hoër bestuursinsette nodig
- Laag oorerflike eienskappe soos reproduksie, oorlewing, moedereienskappe en langlewendheid kan relatief maklik verbeter word deur kruisteling
- Kan vinniger aanpas by veranderde produksiestelsel en markvereistes
- Groter gevaar van kalwingsprobleme
- Kleiner gevaar van inteling

Dit is ook belangrik om daarop te let dat die grootste voordeel van kruisteling lê in die gebruik van F1 moeders, veral wat betref hul beter reproduksie en melkproduksie.

Die vereistes vir 'n goeie kruisteelstelsel is:

- Die belangrikste (maar ongelukkig die grootste probleem in die meeste gevalle) is dat die stelsel deeglik beplan en doelgerig uitgevoer moet word. Indien daar nie streng gehou word by 'n beplande stelsel nie, gaan dit binne 'n paar jaar ontaard in 'n doellose verbastering met baie probleme, groot frustrasies en min of geen voordele.
- Die keuse van die korrekte kruisteelstelsel, rasse en raamtipes vir die maksimum benutting van heterose (basterkrag) en kombinerende van voortreflike eienskappe vir jou betrokke situasie.
- **Die aankoop van goeie (prestasie-geselekteerde), suiwer bulle. Onthou, 'n goeie bul is selde te duur, 'n swak bul is altyd te duur.**
- Voortdurende streng, doelgerigte seleksie van teeldiere.
- Handhawing van 'n hoë vlak van bestuur.
- 'n Relatief groot kudde(s).
- Voldoende aantal kampe per teelgroep.
- Teling van eie vervangingsverse.

Indien die basiese vereistes van 'n kruisteelstelsel nie nagekom word nie, kan dieselde of beter winste verkry word met suiwer teling en doelgerigte seleksie gegrond op prestasietoetsdata en teelwaardes. ■

From page 14

Individual breeds, clubs and groups of breeders should definitely consider Phase D tests, not only for the identification of superior bulls, but also as a method of bringing breeders together for constructive discussions regarding their animals.

The same measurements as in Phase C, with the exception of FCR, are recorded in phase D tests, including RTU measurements.

The fact that certain calves (bulls and/or heifers) are not properly evaluated at weaning because of dams being milked or used as surrogate mothers, should not distract breeders from participating in the post-weaning phases of the Beef Scheme. ■

Source of statistics regarding participation and breed averages: 2007/8 Annual Report of the Beef Recording and Improvement Scheme, ARC Animal Production Institute

Lalta Trust
Posbus 11
Petrusville
8770

Shalom

Braunvieh Stoet

Kontak
Abie Rademeyer
085 282 3996
lalta_trust@polka.co.za

Ons strewe na medium raam beeste, baie vleis en vrugbaarheid vanaf Karoo veld.
Braunvieh beeste wat in die Karoo presteer, sal in die res van die land ook goed presteer.



Bul - Show Boy, fase C prestasie, GDT-107 / VOV-111 Geboorte gewig van 38 kg
Seun van Rick - Fase C interas Kampioen 2005

Die Braunvieh kruis uitstekend met enige ras

Kry meer vleis en melk met die Braunvieh

Die Braunvieh is een van die mees onderskatte rasse in Suid-Afrika, nie net as suiwer ras nie, maar veral vir die gebruik in 'n kruisteelprogram. Nog net enkele beesboere het die uitstekende kruisvermoë van die ras ontdek.



Brahman met 'n 4 en 'n half maande oue Braunvieh kalf



Braunvieh X Brahman koei met 'n Braunvieh kalf



Bonsmara koei met 'n Braunvieh kalf



Nguni koei met Braunvieh kalwers



Afrikaner koei met 'n Braunvieh kalf



Jersey X Fries met 'n Braunvieh kalf



Brauvieh X Nguni kalf
Brauvieh bul gee boud aan
Nguni kalf



Brauvieh X Brahman verse



Brauvieh kruis osse onder 'n jaar



Brauvieh X Charolais



Brauvieh X Brahman X Charolais



Brauvieh X Afrikaner met Brauvieh kalf



Boran X Brauvieh kalwers saam met Brauvieh kalf



Brauvieh X Nguni



Brauvieh X Brahman met Brauvieh kalf

Die Keuse van 'n Voerkalf vir 'n Slagos Kompetisie

'n Eenvoudige en kort agtergrond om die boer 'n begrip te gee van die verskillende aspekte van die beoordelingsproses.

Die Voerkalf

Suksesvolle deelname aan 'n slagos kompetisie begin by die keuse van 'n voerkalf.

'n Voerkalf sal of 'n suiwer geteelde vleisbees of 'n baster van twee of meer beesrasse wees. As dit 'n suiwer geteelde kalf is kan die keuse tussen bv. Bonsmara, Simbra, Angus of Beefmaster wees. Kruisdiere kan uit bv. Brahman/Charolais, Simmentaler/Limousin, of Drakensberger/Angus kruisings of enige kruising tussen van die ander omtrent 26 vleisbeesrasse kom. Die ideale gewig van die kalf voor die begin van die voerproses is tussen 200 en 220 kilogram op 'n ouderdom van omtrent 9 maande. Die kalf moet onthoring en kan gekastreer wees en nog nie permanente tande gesny het nie.

Die kalf behoort goed bespied te wees. Daar moet min "duiwelsgreep" (geknypt agter die skouerblaai) wees, die bors moet ook nie oorontwikkel wees nie, en hoofsaaklik uit vel bestaan. Die rug, vanaf agter die skouer tot die heupe moet breed en goed bespied wees.

Eienskappe van 'n goeie voerkalf is goeie sprong van rib, maar nie boeppens nie, 'n breë agterkant met goeie bespierung en ontwikkeling in die binne en buite dye, asook goeie lengte tussen die heupe en sitbene.

'n Rustige geaardheid is verder 'n belangrike punt: beeste wat baklei en maklik skrik, se gewigstoename is swakker, en dié tipe bees is geneig om die hele kraal aan te steek wat betref swak temperament.

Beoordeling van die gevoerde Slagbees

Die beoordelaars gemoeid met "op die hoof" beoordeling, gebruik meestal subjektiewe metodes wat hoofsaaklik gegrond is op ondervinding.

Aan die haak word gradering d.m.v. objektiewe wetenskaplike metodes gedoen.

Die karkas word geplaas op grond van 'n puntestelsel. Sekere kriteria word gebruik om punte toe te ken. Dié kan ook as maatstaf vir op die hoof beoordeling gebruik word. Karkas gewig is een maatstaf: die lewende bees slag tussen 57% en 62% uit, dus behoort die ideale slagbees tussen 320 en 450 kilogram op die hoof te weeg om maksimum punte te behaal.

Maksimum punte vir gewig (10) word behaal vir karkasse tussen 190 en 280 kilogram warm gewig, soos aangedui in die tabel. Punte word afgetrek vir afwykings.

Karkasmassa (kg)	Punte
< 170,0	0
170,1 - 180,0	2
180,1 - 190,0	6
190,1 - 280,0	10
280,1 - 290,0	6
290,1 - 300	2
> 300,00	

Vet bedekking is ook belangrik, en die karkas behaal maksimum punte as dit tussen 2+ en 3- uitslag. Afwykings vanaf die vetkodes word minder punte toegeken.

Boudgedeelte (5), Voorkwartgedeelte (5) & Ruggedeelte (5)

Vetkode	Boud en voorkwart	Ruggedeelte
1+	1	2
2-	2	3
2	3	4
2+	5	5
3-	5	5
3	3	4
3+	2	3
4-	1	2

Bouvorm van die karkas is natuurlik belangrik, en tot 15 punte word daarvoor toegeken. Op die hoof is bouvorm en afron-

ding die twee belangrikste kriteria waarna gekyk word, en afwykings daarvan word sterk teen diskrimineer.

Verder word beeste in gewigsgroepe verdeel, asook volgens 'n aantal norme wat nie wetenskaplik met aan die haak beoordeling saamloop nie. Na die plasing van 'n klas beeste word dit van die beoordelaars verwag om redes vir hulle plasing te gee. Dit is juis dié redes wat die proses vir die toeskouer interessant en leersaam maak.

'n Oorontwikkelde bors, wat swaar en prominent vertoon, dui op oorvoeding, omdat die bors hoofsaaklik uit vet bestaan. Baie plooi in die voorkwart is een van die eienskappe wat 'n lae uitslag persentasie aandui.

Agter die blaai moet "duiwelsgreep" nie voorkom nie, terwyl die voorarm prominent moet uitstaan. Die voorarm is 'n plek wat bespierung toon. Omdat vleis uit spiere bestaan, is dié eienskap een van die belangrikste by op die hoof beoordeling.

Daar behoort 'n redelike vet verspreiding oor die skouerblaai (m.a.w die voorkwart) te wees, maar 'n konsentrasie van vet oor die skouer (of 'n tekort) sal duidelik op die karkas opgemerk word. 'n Te dun vetverspreiding word as "kaal" beskryf. So 'n karkas vertoon "blou" aan die haak.

Oor die ribbes moet vet ook egalig vertoon, kolle vet word maklik raakgesien.

Vanaf die skof tot die heupe moet die rug breed en platterig wees. Dié gedeelte bestaan uit die belangrike oogspiere. Vanaf die heupe tot die sitbene is afstand belangrik en hoe minder "dakkigheid" vanaf die stertwortel tot die buitendye, hoe beter.

Die buitendye moet prominent wees en so laag moontlik strek. Die binnendye behoort ook goed gevul te wees, met die vleis so laag moontlik gedra. Die gesegde "vol in die broek" beskryf die ideaal. Die boude moet ook goed gevul wees, met bespierung

JAPIE BORNMAN
MOOIDAM
POSBUS 543
BULTFONTEIN
9670

JABORN BRAUNVIEH



TEL: 051 853 2243 SEL: 082 553 3889 E-POS: BORNMANJ@INTERNET.CO.ZA



SEDERT 1957 WORD MET BRAUNVIEH OP MOOIDAM GEBOER. VANDAG SELEKTEER ONS STRENG VIR VRUGBAARHEID, FUNKSIONELE DOELTREFFENDHEID EN MAAK ONS GEBRUIK VAN 'N WYE GENEPOEL. NOG NOOIT IS VROULIKE DIERE INGEKOOP, MAAR WORD DAAR GEREELD BULLE INGEKOOP VAN BEKENDE TELERS IN ONS RAS

tot laag gedra. Lang spiere tot na aan die hakke dra meer vleis as 'n kort maar oorontwikkelde ronde spier wat soos 'n vark se boud lyk.

Omdat bespierung die beste aanduiding is van potensiele vleis opbrengs, word goed gelet op tekens daarvan by die bees se voorarm, oor die rug en in die boud. Goeie lengte tussen heup en sitbene, in verhouding tot die totale bees lengte, dui op 'n hoë uitslagpersentasie. Verder moet die bees as geheel goeie balans toon. 'n Bees met lang bene, groot bors, groot pens en swak ontwikkelde agterkwart en swak bespierung, is 'n "wasty" bees met 'n swak uitslag persentasie.

Tekens van oormatige vetheid word oor die ribbes gesien. Die lies moet gevul word sonder om 'n knop te vorm as die bees stap. Vet aanpaksels langs die stertwortel en kolle vet oor die buiteboud is ook onwenslik.

Die duurste snitte van die bees vorm 'n "pistool", dws, van die middelpunt van die rug agtertoe, en vanaf die heupe vertikaal af tot die hakke. Hierdie gedeelte bestaan uit van die beste (en duurste snitte) vleis en daar word redelike klem op dié gedeelte van die karkas gelê.

Dié kort opsomming van die beoordeling van slagbeeste, sal hopelik help om die misterie daarom uit die weg te ruim. ■



Jan J de Jong,
Landbou Finansierings Spesialis: Gauteng,
Eerste Nasionale Bank

Jan de Jong is 'n Senior Interrasbeoordelaar van dubbeldoel en vleisbeeste, en ook 'n bekwame beoordelaar van slagosse en slagskape.

Hy het op verskillende Landbouskoue al opgetree.
Saam met Malcolm Moodie van Voermol Voere is hul op-die-hoef wenners al verskillende kere ook al as die op-die-hoef wenners geplaas.

SNPs & Genomic EBVs

– The Future of Genetic Evaluations

Helena Theron, Bernice Mostert & Japie van der Westhuizen - ARC Animal Production Institute

The new buzz-word in the world of genetics is SNPs. It is especially raising a lot of interest in the world of human genetics and the race to find a cure for cancer. It is also changing the world of animal breeding, more specifically dairy cattle breeding. SNPs (Single Nucleotide Polymorphisms) are small differences in the DNA between individuals, which with modern technology can be picked up. The enormous interest in SNPs is primarily due to their use as markers to identify genes associated with genetic diseases, as well as health, production and reproduction traits. It can also be used very successfully for parentage testing, individual identification and traceability. SNPs are highly abundant and are found on average at one in 1 000 nucleotide positions throughout the genome.

Panels of thousands of SNPs spread evenly over the genome are available for genotyping of dairy cattle. Information on the genotype of the animal is then combined with its breeding value (EBV), to give a much more accurate indication of genetic merit - the genomic breeding value or GEBV. The primary advantage of GEBVs is that it can be obtained shortly after an animal is born, such that selection decisions can be made early. This is highly advantageous for dairy bull breeding, as currently dairy bulls can only be selected once their daughters have finished their first lactation, when the bull is already 7 years old. This makes dairy bull breeding extremely expensive — the bull has to be kept alive, and if he proves to be no-good, he may already have many daughters. Using GEBVs can therefore greatly reduce costs for progeny testing schemes and shorten the generation interval drastically.

USA and Canadian researchers have joined forces in evaluating the use of genomics in animal breeding in dairy cows. A total of 38 000 markers were used for 27 traits. Similarly to the results elsewhere, significant gains in reliability were recorded for traits where only mid-parent breeding value predictions were known. Close cooperation between breeders, AI companies,

DNA laboratories and researchers at Animal Improvement Programs has been established to reap all the benefits of GEBVs, and the first GEBVs was released in 2008.

What about South Africa?

South Africa will have to embark on a direction to make use of SNP technology for parentage and individual identification, traceability and for inclusion of genotypic information in national genetic evaluations to increase reliability of estimation. A thorough investigation, involving all the role players in the dairy industry, should take place into the possibilities of this technology, the costs involved and the advantages for South Africa. With a proper plan on the table and funding secured, South Africa will also be able to apply and reap the benefits of this technology. ■

References :

- Technical Presentations at the 36th ICAR Session, Niagara Falls, USA. 16-20 June 2008:
- Schaeffer, L.R., Bull selection strategies using genomic estimated breeding values.
